

# Geloofwaardigheid in die graanmark

Hierdie rubriek werp lig op die inisiatiewe wat verskeie markdeelnemers en die regering van stapel stuur. Die inisiatiewe is reeds of byna gefinaliseer en het ten doel om geloofwaardigheid in die graanmark te verhoog, tot voordeel van verwerkers, opbergers en produsente.

Belanghebbendes se behoefte aan groter deursigtigheid dui op kommer dat die mark se geloofwaardigheid gebrek ly.

As markdeelnemers se opvatting oor die geloofwaardigheid van die mark dalk verkeerd is, of die omvang daarvan is minimaal en kan deur bestaande praktyke suksesvol besleg word, is die prys wat die graan- en oliesadesektor vir dié opvatting gaan betaal, taamlik hoog. Elke bykomende transaksie in die waardeketting verhoog wrywing en koste.

## NUWE JSE-REËLS

Pryskonvergensie tussen termynpryse vir afgeleide instrumente op die JSE se landboukommoditeitsmark en plaaslike pryse in die fisieke mark sodra die JSE-instrumente verstryk, is noodsaaklik vir die funksionering van die mark. Wanneer die termynkontrakte op die JSE-mark verstryk, moet daardie prys en die prys van die onderliggende kommoditeit byna op dieselfde prysvlakke verkeer.

Opbergers speel 'n belangrike rol in die uitreiking van die JSE-sertifikate en algemene silosertifikate en verseker dat die betrokke voorraad wat op hierdie sertifikate aangedui word, in silo's beskikbaar is. Dit dra beslis by tot die geloofwaardigheid van die afgeleide mark (JSE/Safex).

Opbergers speel 'n belangrike rol om die integriteit van die totale mark te verseker. Dus het Agbiz Grain in 2020-'21 met die noue samewerking van die JSE nuwe reëls die lig laat sien.

## PASPOORTSTELSEL

Markdeelnemers in die graan- en oliesadesektor het 'n behoefte aan 'n generiese paspoortstelsel om voedselveiligheid te bestuur. Paspoortstelsels word reeds in die moutgars- en kanolabedryf gebruik. Die sukses van die stelsel hang primêr daarvan af of produsente inklusief aan die vereistes daarvan sal kan voldoen.

Iemand moet ook bereid wees om 'n paspoortstelsel koste-neutraal te bedryf. Die verbruiker wat die vereistes stel, sal vir die administrasie van só 'n stelsel in die waardeketting moet betaal. Indien produsente inklusief aan die vereistes van 'n generiese paspoortstelsel kon voldoen met die verbruiker wat daarvoor betaal, sou dit ook 'n bydrae kon lewer tot groter geloofwaardigheid.

## DISPUUTPROTOKOL

Markdeelnemers het ook 'n behoefte aan 'n protokol waarvolgens dispute besleg word. Agbiz Grain het verlede jaar intensief met lede gekonsulteer en belangrike insette tot 'n dispuutprotokol gemaak, waarvan elke aspek en die praktiese uitvoerbaarheid daarvan deeglik deurgepraat is. Die voorgestelde protokol is vir sekere meulenaars voldoende, maar ander markdeelnemers moet nog daartoe instem.

Agbiz Grain kan nie 'n verslapping op die voorgestelde protokol aanvaar nie. Die aanvaarding van die protokol sal ook bydra tot groter geloofwaardigheid.

## PER GRAAD

Daar heers onsekerheid en wanopvattings oor die gehalte van die voorraadvlakke van mielies.

Agbiz Grain ondersteun die behoefte dat die totale ontvangste, versendings en eindvoorraad per graad vir mielies op nasionale vlak deur die Suid-Afrikaanse graaninligtingsdiens (Sagis) gerapporteer word. Die opname moet inklusief wees by alle opbergers wat mielies insamel, en Sagis moet die inligting monitor, verifieer en publiseer.

Die totale ontvangste en versendings per graad sal dus van toepassing wees op mielies vanaf formele (onder andere lede van Agbiz Grain) en informele kommersiële opbergers. Die bedryf versoek Sagis dus om die eindvoorraad van mielies by alle kommersiële opbergers, waaronder hawens, die vervaardigers van veevoer en meulenaars, maandeliks op nasionale vlak per graad te rapporteer.

Hawens, die vervaardigers van veevoer en meulenaars ontvang ook mielies en moet ook hul opgawes van ontvangstes per graad indien. Markdeelnemers moet hul ontvangstes en versendings inklusief per graad indien. Niemand kan uitgesonder word nie. Dit sal duidelikheid gee oor ontvangstes en die verwerking van swakker grade.

Agbiz Grain stem nie daartoe in dat dit net die kommersiële opbergers is wat opgawes moet indien vir die maandelikse rapportering van grade nie. Dit sou nie net onregverdig wees nie, maar sou ook nie aan die beginsels van die mededingingswet voldoen om selektief sekere vereistes aan een groep markdeelnemers te stel, maar ander vereistes aan 'n ander groep markdeelnemers nie.

## INSPEKSIE

Die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling se begeerte om inspeksiedienste sonder goeie rede van stapel te stuur, wat die sektor van 1 April af meer as R170 miljoen per jaar uit die sak kan jaag, grens aan pagsoek. Die totale waardeketting, ook verbruikers, reken die inisiatief bring 'n onnodige administratiewe las en koste vir 'n sektor en ekonomie mee wat reeds swaar gebuk gaan onder Covid-19 en prysstygings, byvoorbeeld elektrisiteit, loonverhogings, aksynsbelasting en brandstofheffings.

## GEVOLGTREKKING

Opbergers speel 'n kritieke rol om voedsel veilig en vir lang tye op te berg. 'n Rou produk word een maal per jaar geoes, maar die hele jaar deur verwerkers benodig om weer verwerkte veevoer en voedsel aan verbruikers te voorsien. Hulle moet aan streng regulatoriese vereistes voldoen wat toerusting en geriewe betref, sodat produkte veilig hanteer en opgeberg word. Hulle word jaarliks geoudit om seker te maak hulle voldoen aan die vereiste standaarde om voedselveiligheid te verseker.

Opbergers bied aan belanghebbendes opbergingsgeriewe waar produkte opgeberg kan word. Produsente hoef nie self die verantwoordelikheid te dra vir die veilige opberging daarvan nie en hulle hoef ook nie aan die reëls te voldoen waaraan opbergers moet voldoen nie. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*